» Jakkalse vergesel stappers

Voetslaan deur die Namib

'n Spesiale staptog het verlede week met die 110de herdenking van 'n bekende skeepswrak saamgeval.

› Mark Hurter

Sewentien Suid-Afrikaanse avonturiers het onlangs 'n staptog van sowat 100 km deur die Namibwoestyn aangedurf.

Die staptog is deur die toeragentskap Live the Journey georganiseer en is onder meer ook as 'n verkenningstog onderneem om vas te stel of dit later meer dikwels en kommersieel aangebied kan word.

Die staptog het ook saamgeval met die 110de herdenking van die Eduard Bohlen-skeepswrak se stranding op 6 September 1909.

Dié skip se kaptein, ene Parow, was ook kaptein van die vorige twee skepe wat hier gestrand het, waarvan een die Otavi is.

Die bekende Parow-woonbuurt in Kaapstad is na hom vernoem.

Die groep het op 1 September sowat 30 km suid van Walvisbaai by Sandvishawe afgeskop en het hul tog op 6 September by die Eduard Bohlen-wrak voltooi.

Een van die stappers, me. Susina Jooste, direkteur van The Private Hotel School op Stellenbosch, het as gebore Namibiër 'n noue band met die land. Susina het op die plaas Ruimte net noord van die Etoshapanne grootgeword. Die staptog was vir haar 'n persoonlike sege.

"Hierdie was 'n dieper dankie-sê vir 60 jaar se seëninge en baie genade. 'n Saluut aan my pa, Louis Fourie, wat die grondslag vir ons gesin gelê het om ook voetspore in ons geboorteland na te laat."

Die staproete het strandlangs gekronkel en soms ook land in.

Afstande van tussen 22 en 25 km per dag is deur sand en seeskuim afgelê, oor duine en ook langs die bekende Langewand, 'n 30 meter hoë muur van sand teenaan die see.

Dieselfde natuurverskynsel word ook teenaan Angola se kus gevind en staan daar as die "doodsakker" bekend omdat voertuie tydens hoogwater hier vasgekeer word.

Met 'n aantal 4x4-voertuie wat die agterhoede dek en professionele gidse wat die pad aangedui het, was die stappers deurentyd veilig en is hulle van ontbyt, aandete en tente voorsien.

Die stappers moes elk drie liter water per dag saamdra, asook padkos en genoeg klere vir enige weerstoestand.

'n Groep Suid-Afrikaanse avonturiers het onlangs 'n staptog van ongeveer 100 km deur die Namibwoestyn aangedurf.
FOTO VERSKAF

'n Verskeidenheid jakkalse het die stappers deurentyd op 'n afstand gevolg, maar kon hulself nie daarvan weerhou om die slapendes laatnag te steur deur die dou van die tente af te lek nie.

Daar was ook 'n soortgelyke onderonsie met 'n hiëna, en hoewel hy nie gesien is nie, het sy reuk en duidelike voetspore die volgende oggend gewys hy was daar.

Ter voorbereiding van die staptog het van die stappers Kilimanjaro uitgeklim, ander het al tot by Mount Everest in Nepal se basiskamp gevorder.

Verskeie het die Camino-staproete voltooi, terwyl een stapper die koue waters van die Atlantiese Oseaan aangedurf het en die afstand tussen Robbeneiland en Kaapstad suksesvol afgelê het.

"Niks kan jou regtig op hierdie tog in die Namib voorberei nie," sê Jooste.

"Die regte stapskoene, goeie sokkies, sandkamaste, 'n oop gemoed en 'n redelike mate van fiksheid is belangrik. Dit is die grootsheid en ruimtes wat jou inspireer en bybly. Ek kan dit sonder voorbehoud aanbeveel."

DM0201900345804

DM0201900345395

NAMWATER
Namibia Water Corporation Ltd

AN INVITATION TO ATTEND A FOLLOW-UP COMMUNITY MEETING FOR FEEDBACK ON THE PRE-PAID WATER METER SYSTEM IN OTJIMBINGWE & SURROUNDING AREAS

The Namibia Water Corporation Ltd would like to extend an invitation to the Otjimbingwe community and surrounding areas for a follow-up community meeting. This meeting will focus on the issues that were highlighted during the last community meeting that was held on May 25, 2019 and will also provide information on the interventions and progress that was made so far, with regard to the pre-paid water meter installation program.

The follow-up community meeting will be held on **Saturday, 21 September 2019 at 11H00 at the Otjimbingwe Community Hall.**

Some of the key issues that will be addressed are as follows as gathered from previous engagements:

- NamWater Management to provide feedback on the operational challenges experienced with the pipelines (e.g. rust, pipe leakages and hot water, low pressure, location of pre-paid water meters and maintenance turn-around time);
- Readiness and demonstration of the Pre-payment system (cash flow), Otjimbingwe NamWater Area Office, and the Operations and Maintenance Strategy of the scheme;
- Drought intervention efforts by NamWater and the Government (e.g. borehole rehabilitation and food distribution programs etc.);
- Discontinuation date for all un-billed water which is extended to October 31st ,2019; including the period for communities to organize themselves of or pre-paid water meter applications, registration and connections.

The discussion and clarification of the above points will ensure an opportunity for all stakeholders to build a relationship of trust, support, co-operation and nation building.

If you have any inquiries/questions about this follow-up meeting, contact the following NamWater personnel:

Mrs. Rachel Mashina Karibib Scheme Superintendent +264 81 142 2752
Ms. Pauline Shetukana Supporting Scheme Artisian Superintendent +264 81 639 6228
Mr. Frans Ihuhua Area Manager – Khomas Water Supply +264 81 140 4554
Mr. Johannes Shigwedha Head Strategic Communications +264 81 122 2858